Die vraag oor die moontlikheid van tentmakerbediening binne die GKSA word nie net in die Beskrwingspunt aan die Algemene Sinode van 2018 gevind nie, maar is ook die afgelope jare deur verskeie gemeentes geopper, en kom ook na vore in die antwoorde op die vraelyste (kyk punt 1 hierbo) wat aan gemeentes gestuur is. In die lig hiervan het die TSP Senaat 'n gespreksgeleentheid geloods om ondersoek in te stel na die beginsels van tentmakerbediening. Die bedoeling was om met omsigtigheid die saak vanuit verskillende hoeke te belig. Hierdie gespreksgeleentheid het 17 September 2021 plaasgevind. Verskeie kundiges het aanbiedings gelewer vanuit verskeie vakkundige hoeke. Die volgstukke en bevindinge van hierdie gesprek is saamgevoeg tot een dokument, en is beskikbaar.

Om die inhoud en bevindinge van die gespreksgeleentheid te reduseer tot 'n sinvolle opsomming, was geen geringe taak nie. Die hooftrekke van die gespreksgeleentheid kan soos volg saamgevat word:

- Ou-Testamentiese perspektief: Die priesters in die Ou Testament is versorg uit die offergawes. Hulle het egter ook lewensruimte ontvang om self in hulle verdere versorging te voorsien.
- Nuwe-Testamentiese perspektief: Die term "tentmaker" is 'n Nuwe-Testamentiese begrip, en is gebaseer op Paulus wat in Korinte gewerk het as tentmaker (Hand 18:3). Die locus classicus in hierdie verband is 1 Korintiërs 9. Die normale praktyk in Nuwe-Testamentiese tye was dat die prediker onderhou word. Paulus het egter nie hierop aanspraak gemaak nie, maar self in sy lewensonderhoud voorsien. Hy het dit gedoen ter wille van die effektiewe bediening van die evangelie, en om vir die gelowiges 'n voorbeeld te stel van iemand wat self in sy lewensonderhoud voorsien.
- Kerkhistoriese perspektief: In die Apostoliese era was daar redelike vryheid en ruimte vir tentmakerbediening. In die tweede en derde eeue oordeel die kerk positief oor

The question about the possibility of tentmaker ministry within the GKSA is not only found in the point of reference to the General Synod of 2018, but has also been raised by several congregations in recent years, and also emerges in the answers to the questionnaires (see point 1 above) which was sent to congregations. In light of this, the TSP Senate launched a discussion opportunity to investigate the principles of tentmaker ministry. The intention was to carefully illuminate the matter from different angles. This discussion event took place on 17 September 2021. Several experts gave presentations from various scholarly angles. The follow-up documents and findings of this discussion have been combined into one document and are available.

To reduce the content and findings of the discussion opportunity to a meaningful summary was no small task. The main features of the discussion event can be summarized as follows:

- Old Testament perspective: The priests in the Old Testament were cared for from the offerings. However, they also received living space to provide for their further care themselves.
- New Testament perspective: The term "tent maker" is a New Testament concept and is based on Paul who worked in Corinth as a tent maker (Acts 18:3). The locus classicus in this connection is 1 Corinthians 9. The normal practice in New Testament times was that the preacher was kept. However, Paul did not lay claim to this, but provided for his livelihood himself. He did this for the sake of the effective ministry of the gospel, and to set an example for the believers of someone who provides for his own livelihood.
- Church historical perspective: In the Apostolic era there was reasonable freedom and space for tentmaker ministry. In the second and third centuries, the church judged positively about ministers

bedienaars wat soos Paulus hande-
arbeid doen. In die vierde eeu was dit
algemeen dat kerklike amptenare ook
wêreldlike beroepe het. Tog vind ons
ook waarskuwings teen die misbruik
hiervan, en waarskuwings teen
verkeerde motiewe. In die Patristiese
era het voltyds getrakteerde bediening
stelselmatig begin posvat in ryker
gemeentes. Tydens die Reformasie
tree sommige predikante as tentmakers
op (vgl. bv. Luther). Meerdere
vergaderings laat ook
tentmakerbediening toe, maar moedig
kerke aan om predikante beter te
trakteer sodat tentmakerbediening nie
nodig is nie. Die laaste 150+ jaar is daar
al hoe meer 'n voorkeur vir voltydse,
opgeleide, getrakteerde predikante.

- Kerkregtelike perspektief: Die Nasionale Sinode van die GKSA wys in 1991 'n versoek af oor die wenslikheid van tentmakerbediening in die kerke. Die Sinode oordeel dat plaaslike kerke self oor tentmakerbediening behoort te oordeel (KO, art 30). Sodoende laat die Sinode die ruimte vir predikante om as tentmakers binne die GKSA op te tree. Die gebruik het egter nie wyd in die kerke inslag gevind nie.
- Missiologiese perspektief: Die nuwe werklikheid van 'n globaliserende en verstedelikende wêreld het gemaak dat die eindes van die aarde nou bereikbaar geword het. Die sendingveld is nou op ons voorstoep. Tentmakerbediening is een moontlike manier om die wêreld te bereik met die evangelie. Indien die moontlikheid ernstig oorweeg word, moet die kurrikulum en onderrigmetodes aangepas word om kandidate in staat te stel om Woordbedienaars te word wat gedeeltelik ook 'n ander beroep beoefen.
- Perspektief van die bediening in kleiner, plattelandse gemeentes: Die ideaal is dat 'n predikant nie sy eie inkomste hoef te genereer nie. Maar die realiteit is dat al hoe meer gemeentes nie 'n predikant kan bekostig nie. Die platteland sit met verskeie ekonomiese uitdagings. Een moontlike oplossing is dat studente die vaardighede geleer word om (gedeeltelik) in hulle eie

who, like Paul, do manual labour. In the fourth century it was common for church officials to also have worldly occupations. Yet we also find warnings against the abuse of this, and warnings against wrong motives. In the Patristic era, full-time tentmaker ministry began to systematically take hold in wealthier congregations. During the Reformation, some ministers acted as tentmakers (cf. e.g. Luther). Multiple meetings also allow tentmaker ministry but encourage churches to treat ministers better so that tentmaker ministry is not necessary. For the last 150+ years there has been more and more a preference for full-time, trained, ordained ministers.

- Church legal perspective: In 1991, the National Synod of the GKSA rejected a request regarding the desirability of tentmaker ministry in the churches. The Synod judges that local churches themselves should judge tentmaker ministry (CO, art 30). In this way, the Synod leaves room for ministers to act as tentmakers within the GKSA. However, the practice did not find widespread influence in the churches.
- Missiological perspective: The new reality of a globalizing and urbanizing world has made the ends of the earth now reachable. The mission field is now on our doorstep. Tentmaker ministry is one possible way to reach the world with the gospel. If the possibility is seriously considered, the curriculum and teaching methods must be adapted to enable candidates to become Ministers of the Word who partially also practice another profession.
- Perspective of the ministry in smaller, rural congregations: The ideal is that a minister does not have to generate his own income. But the reality is that more and more congregations cannot afford a pastor. The countryside faces various economic challenges. One possible solution is that students are taught the skills to (partially) provide for their own livelihood, preferably in a way that is

<p>lewensonderhoud te voorsien, verkieslik op 'n manier wat ten nouste aansluit by hulle werk as predikante. Om effektief op die platteland oor 'n afstand te bedien, kan elektroniese hulpmiddels (nog beter) gebruik word. Gevolglik kan teologiese opleiding studente leer om tegnologie effektief te gebruik in die bediening.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Praktiese ervaring van 'n tentmaker: Die gedeeltelike versorging van tentmakers kan in beginsel geoorloof wees. Elke tentmaker en gemeente se situasie is egter uniek. Vir 'n tentmaker en gemeente om by mekaar aanklank te vind, moet daar 'n goeie "passing" wees en duidelike ooreenkomste bestaan van verwagtinge wat wedersyds gekoester word. Wedersydse kommunikasie, vertroue en liefde is deurslaggewend vir sukses en volhoubaarheid. Oorbelding van die predikant in tentmakerbediening is egter 'n wesenlike gevaar. Die Kerkraad en predikant moet goed toegerus wees om selfstandig vanuit die beginsels van Skrif en kerkreg oor sake te oordeel. <p>Die volgende voorlopige bevindinge kan gemaak word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tentmakerbediening is geoorloof in die lig van die Skrif en Kerkorde, en is in 'n mindere of meerdere mate deur die loop van die kerkgeskiedenis beoefen. • Die ideaal is dat predikers eervol onderhou word om al hulle tyd en energie te spandeer in die verkondiging van die Woord. • Die realiteit van die veranderende wêreld en die finansiële toestand van baie gemeentes in die GKSA lei egter daartoe dat tentmakerbediening as 'n moontlikheid oorweeg moet word. <p>Die Senaat het op grond van die verslag besluit dat dit nodig is dat kandidaatstudente toegerus moet word om tentmakerbediening te kan beoefen indien hulle bedieningspraktyk dit sou vereis.</p> <p>Besluit: Punt 4 kennis geneem.</p> <p>5. Onderwysmodule as keusemodule vir nagraadse studente 'n Onderwysmodule as keusemodule vir nagraadse studente, asook vir predikante</p>	<p>closely linked to their work as ministers. To serve effectively in the countryside over a distance, electronic aids can be used (even better). Consequently, theological training can teach students to use technology effectively in ministry.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Practical experience of a tentmaker: The partial care of tentmakers can in principle be permitted. However, every tent maker and congregation's situation is unique. For a tent maker and congregation to resonate with each other, there must be a good "fit" and clear agreements of expectations that are mutually cherished. Mutual communication, trust and love are crucial for success and sustainability. However, overloading the minister in tentmaking ministry is a real danger. The Church Council and minister must be well equipped to judge matters independently from the principles of Scripture and church law. <p>The following preliminary findings can be made:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tentmaker ministry is permitted in the light of Scripture and Church Order and has been practiced to a greater or lesser extent throughout church history. • It is ideal that preachers are honourably maintained to spend all their time and energy in preaching the Word. • However, the reality of the changing world and the financial situation of many congregations in the GKSA means that tentmaker ministry should be considered as a possibility. <p>Based on the Report, the Senate decided that it was necessary for candidate students to be equipped to be able to practice tentmaking ministry if their ministry practice required it.</p> <p>Decision: Point 4 noted.</p> <p>5. Education module as an elective module for postgraduate students An education module as an optional module for postgraduate students, as well as for</p>
--	--

en ander gelowiges, word tans as kortkursus ontwikkel. Dit sal studente en predikante nodige agtergrond gee as hulle betrokke is of raak by skole, op die kerkterrein of elders. Ook sal dit gemeentes se skakeling met skole vergemaklik.

Besluit: Punt 5 kennis geneem.

6. NGOS aanvullend tot teologiese opleiding

In sy Beskrywingspunt aan die Algemene Sinode, vra GK Die Kandelaar dat ondersoek ingestel word na 'n gekombineerde opleiding waartydens die student hom bekwaam vir predikant sowel as vir onderwyser. Hierdie vorm van tentmakery kan die verskil maak aan gemeentes wat 'n predikant dringend benodig, maar nie 'n predikant kan onderhou nie [6.6].

Die Kuratorevergadering van November 2021 het besluit om "as deel van die verdere werksaamhede van die GTA" ondersoek in te stel "na die moontlike aanbieding van NGOS vir teologiese studente en ander wat sou belangstel". Daar is begin met 'n ondersoek na die daarstel van 'n eie NGOS en/of in samewerking met ander Gereformeerde instansies soos AROS en Mukhanya. Dit kan dit in die toekoms volhoubaar en makliker maak om aan kandidaatstudente en predikante die geleentheid te gee om NGOS te studeer. Deur dit uit te brei na ander studente in die teologie, by die NWU en elders, skep dit die geleentheid dat op 'n finansiële haalbare manier 'n diens te lewer sowel aan die kerke as aan 'n Christelike benadering tot onderwys. Dit sou selfs uitgebrei kan word na ander studente wat in 'n Christelike benadering tot onderwys opgelei wil word.

Navorsing van onder andere die Barna-groep wat bevind het dat slegs 2% Christen-jongmense (laerskool, hoërskool en jongvolwassenes) in die VSA 'n Christelike God-, mens- en wêreldbeskouing het. In Suid-Afrika het veral die openbare skoolstelsel so verander dat die Christelike beskouing gaandeweg vervang word met ander wêreldbeskouings – selfs al is 'n groot deel van die ouers van Christelike oortuiging. Dit sal goed wees as predikante meer

ministers and other believers, is currently being developed as a short course. This will give students and ministers the necessary background if they are involved or become involved in schools, on the church grounds or elsewhere. It will also facilitate congregations' connection with schools.

Decision: Point 5 noted.

6. PGCE supplementary to theological training

In his Point of description to the General Synod, GK Die Kandelaar asks that an investigation be carried out into a combined training during which the student qualifies for minister as well as for teacher. This form of tentmaking can make the difference to congregations that urgently need a minister but cannot support a minister [6.6].

The Curators' meeting of November 2021 decided to investigate "as part of the further activities of the RTA" "into the possible presentation of PGCE for theological students and others who would be interested". An investigation into the establishment of an own PGCE and/or in collaboration with other reformed institutions such as AROS and Mukhanya has begun. This could make it sustainable and easier in the future to give candidate students and ministers the opportunity to study PGCE. By extending this to other students in theology, at the NWU and elsewhere, it creates the opportunity to render a service both to the churches and to a Christian approach to education in a financially feasible way. This could even be extended to other students who want to be trained in a Christian approach to education.

Research from, among others, the Barna group found that only 2% of Christian young people (primary school, high school and young adults) in the USA have a Christian view of God, man and the world. In South Africa, the public school system in particular has changed in such a way that the Christian view is gradually being replaced with other worldviews – even if a large part of the parents are of Christian persuasion. It would be good if ministers could be more involved in schools, even as occasional

betrokke kan wees in skole, selfs as geleentheidsonderwysers met die aanbieding van vakke soos lewensoriëntering en mens-en-sosiale-wetenskappe. Hiervoor benodig hulle egter 'n onderwyskwalifikasie.

Omdat die Onderwysdepartement nie skole in nuwe "townships" bou nie, neem ouers en kerke self inisiatief om "skole" daar te stel. Baie van hierdie privaatskole het 'n Christelike basis en benodig Christenonderwysers en 'n Christelike kurrikulum. Hier is dus 'n nood en 'n geleentheid vir predikante om daarheen uitgestuur te word om saam met ander Christenonderwysers hierdie jongmense te laat groei in 'n Christelike wêreldbeskouing. Waar daar wel 'n kerkgebou is, kan dit ook aangewend word vir die daarstel van 'n Christelike privaatskool.

Vanweë ontvolking van die platteland het verskeie gemeentes van die GKSA baie klein geword, met die gevolg dat hulle nie meer self 'n predikant ten volle kan onderhou nie. Indien predikante die nodige onderwysopleiding het, kan die Kerkraad met 'n plaaslike skool 'n ooreenkoms aangaan dat die predikant as geleentheidsonderwyser kan optree. Dit gee vir die predikant verder geleentheid om by die gemeenskap betrokke te raak en die skool te ondersteun in die onderrig van 'n Christelike wêreldbeskouing. Ook verseker die finansiële voordeel wat die gemeente uit die werk van die predikant kan put, dat die bediening in die platteland kan voortgaan.

Baie gemeentes in die armer dele van Suid-Afrika is vakant en het groot nood aan bediening deur predikante. Predikante sal beroep kan word as hulle die opleiding het om terselfdertyd ook as onderwyser in 'n plaaslike skool te kan dien.

Meer jongmense wat die roeping het om predikante te word, sal opgelei kan word vir die bediening, aangesien onderwysopleiding saam met teologiese opleiding baie meer geleentheid bied om as predikante te dien, as wat op die oomblik die geval is met finansiële druk wat talle gemeentes beleef.

Die ondersoek na die aanbieding van NGOS sluit nie uit dat dit saam met 'n ander instansie soos byvoorbeeld AROS

teachers with the presentation of subjects such as life orientation and human and social sciences. However, for this they need a teaching qualification.

Because the Education department does not build schools in new "townships", parents and churches themselves take the initiative to establish "schools". Many of these private schools have a Christian base and need Christian teachers and a Christian curriculum. There is therefore a need and an opportunity for ministers to be sent out there to help these young people grow in a Christian worldview together with other Christian teachers. Where there is a church building, it can also be used for the establishment of a Christian private school.

Due to depopulation of the countryside, several congregations of the GKSA have become very small, with the result that they can no longer fully support a minister themselves. If ministers have the necessary teaching training, the church council can enter into an agreement with a local school that the minister can act as an occasional teacher. This also gives the minister an opportunity to get involved in the community and support the school in teaching a Christian worldview. The financial benefit that the congregation can derive from the work of the minister also ensures that the ministry can continue in the countryside.

Many congregations in the poorer parts of South Africa are vacant and in great need of ministering by ministers. Ministers will be able to be called upon if they have the training to be able to serve as a teacher in a local school at the same time.

More young people who have the vocation to become ministers will be able to be trained for the ministry, as teacher training together with theological training offers much more opportunity to serve as ministers, than is the case at the moment with financial pressure that many congregations are experiencing.

The investigation into the presentation of PGCE does not exclude that it can be planned and/or carried out together with

beplan en/of uitgevoer kan word nie. Die ondersoek kan ook insluit dat na moontlike kort kursusse gekyk word, waardeur predikante, voornemende predikante en lidmate van gemeentes opgelei word in die daarstel en bestuur van kleuterskole in en rondom kerkgeboue, asook die onderrig en beplanning van 'n Christelike kurrikulum.

Besluit: Punt 6 kennis geneem.

7. Moontlike wysiging aan nagraadse teologiese studies (K5 & K6)

Die dringende implementering van alternatiewe praktiese vorms van opleiding moet volgens die Beskrywingspunt van GK Die Kandelaar gedoen word om in die steeds voortdurende tekort aan predikante te voorsien [2]. Die tekort in swart of Engelssprekende kerke word spesifiek genoem [2], asook dat byna 'n derde (31,1%) van alle kerke binne die GKSA vakant is [4.1.1] Die tekort in swart kerke is selfs groter (kyk ook Algemene Sinode Acta 2015:479 ev). Die isiZulu-sprekende Gereformeerde kerk word deur GK Die Kandelaar as voorbeeld genoem [4.1.3-4.1.8]. Die Beskrywingspunt van Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal stel dat die krisis vererger word deur die baie hoë uitvalsyfer onder studente wie se moedertaal nie deel is van die amptelike taalbeleid van die Noordwes Universiteit nie {1} asook deur die leemte wat gelaat sal word deur die predikante in die isiZueloesprekende kerke wat binnekort gaan emeriteer. Die Algemene Sinode 2018 vra op grond van bogenoemde vir voorstelle vir spoedige implementering vir addisionele en/of alternatiewe vorme van opleiding van predikante vir studente wie se moedertaal nie Afrikaans of Engels is nie (punt 3.1.2).

In die lig van hierdie aspekte in die beskrywingspunte van GK Die Kandelaar en van Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal, waaraan die Algemene Sinode van 2018 gevolg gegee het dat dit bestudeer moet word en met voorstelle vir implementering gekom word, word die volgende voorgedhou:

Besluit: Punt 7 kennis geneem.

another institution such as AROS. The investigation may also include looking at possible short courses, through which ministers, prospective ministers and members of congregations are trained in the establishment and management of nursery schools in and around church buildings, as well as the teaching and planning of a Christian curriculum.

Decision: Point 6 noted.

7. Possible amendment to postgraduate theological studies (K5 & K6)

According to the Point of description of GK Die Kandelaar, the urgent implementation of alternative practical forms of training must be done in order to meet the ongoing shortage of ministers [2]. The shortage in black or English-speaking churches is specifically mentioned [2], as well as the fact that almost a third (31.1%) of all churches within the GKSA are vacant [4.1.1] The shortage in black churches is even greater (- see also General Synod Acta 2015:479 ff). The isiZulu-speaking Reformed church is mentioned by GK Die Kandelaar as an example [4.1.3-4.1.8]. The Point of description of Regional Synod Free State and KwaZulu-Natal states that the crisis is exacerbated by the very high dropout rate among students whose mother tongue is not part of the official language policy of the North-West University {1} as well as by the void that will be left by the ministers in the isiZulu-speaking churches that will soon retire. Based on the above, the General Synod 2018 asks for proposals for speedy implementation for additional and/or alternative forms of training of ministers for students whose mother tongue is not Afrikaans or English (point 3.1.2).

In the light of these aspects in the Points of description of GK Die Kandelaar and of Regional Synod Free State and KwaZulu-Natal, which the General Synod of 2018 followed up on that it must be studied and proposals for implementation come up, the following is presented:

Decision: Point 7 noted.

8. Samevatting

1. Die eenheid van opleiding in die GKSA is 'n sterkpunt wat sover moontlik op nagraadse vlak behoue moet bly.
2. Terselfdertyd is daar afstandstudente wat ingeskakel is by gemeentebediening waar hulle woon, wat dit moeilik maak om vir 'n paar jaar in Potchefstroom te kom woon. Finansiëel is dit ook nie vir almal haalbaar nie – veral die met gesinne – selfs al sou goeie finansiële ondersteuning deur die kerke vir individuele studente in die toekoms moontlik wees.
3. Daarby is die belangrikheid van teologiese studente se behoorlike blootstelling aan die bedieningspraktyk verskeie kere beklemtoon op verskillende kerklike vergaderings.
4. Die praktiese werk kan so gestruktureer word, dat die studente geleentheid kry om onder toesig van 'n ervare leraar en die plaaslike Kerkraad, van die bedieningsnood wat bestaan aan te spreek, ouderling en ander opleiding te doen, asook ervaring te kry in kerkplanting en kerkgroei.

Besluit: Punt 8 kennis geneem.

9. Voorstel

- 9.1 Aangesien die vier jaar B-graad opleiding van teologiese studente 'n graad van die NWU se Fakulteit Teologie is, word die Fakulteit versoek om saam met die spesifieke dosente te beplan hoe om in hulle modules spesifiek studente te ondervang wie se moedertaal nie Afrikaans of Engels is nie. Die daarstel van programme wat direk hieraan aandag gee, is egter ook nie uitgesluit nie.
- 9.2 Dat oorweeg word om na die vier jaar B-graad opleiding van teologiese studente, die studente in hulle K5 en K6 jaar 'n kerklike nagraadse diploma te laat doen wat onder andere die saak van kultuurgerigtheid duidelik aanspreek. Dat die opleiding sover moontlike deur blokkursusse / kort kursusse plaasvind, terwyl studente besig is met indiensopleiding / praktiese werk in gemeentes. Terwyl die studente in hulle K5 jaar in gemeentes met predikante kan werk, kan die K6 studente in vakante gemeentes onder leiding van konsulente en die TSP werk. Hierdie kort kursusse

8. Summary

1. The unity of training in the GKSA is a strength that should be preserved as far as possible at postgraduate level.
2. At the same time, there are distance students who are involved in parish ministry where they live, which makes it difficult to come and live in Potchefstroom for a few years. Financially, it is also not feasible for everyone – especially those with families – even if good financial support from the churches for individual students would be possible in the future.
3. In addition, the importance of theological students' proper exposure to ministry practice was emphasized several times at different church meetings.
4. The practical work can be structured in such a way that the students have the opportunity to address the ministry need that exists under the supervision of an experienced pastor and the local church council, do elder and other training, as well as gain experience in church planting and church growth.

Decision: Point 8 Noted.

9. Proposal

- 9.1 Since the four-year B-degree training of theological students is a degree of the NWU's Faculty of Theology, the Faculty is requested to plan together with the specific lecturers how to specifically accommodate students whose mother tongue is not Afrikaans or English in their modules not. However, the establishment of programs that directly address this is not excluded either.
- 9.2 That it is considered that after the four years of B-grade training of theological students, the students in their K5 and K6 years do a Church postgraduate diploma which, among other things, clearly addresses the matter of cultural orientation. That the training takes place as far as possible through block courses / short courses, while students are busy with in-service training / practical work in congregations. While the students in their K5 year can work in congregations with ministers, the K6 students can work in vacant congregations under the guidance of consultants and the TSP. These short

<p>behoort so opgestel te word indien moontlik, dat lidmate en ander belangstellendes dit ook kan bywoon.</p> <p>9.3 Dat die K5 en K6 studente vir wie dit moontlik is, toegelaat word om tydens hierdie twee jaar (of daarna), aan 'n MTh of 'n NGOS te werk.</p> <p>Besluit: Punte 9.1 tot 9.3 word verwys na AAd hoc Kommissie 3 met opdrag: Adviseer Sinode oor die verdere verloop en uitvoering van die drie voorstelle.</p>	<p>courses should be set up in such a way, if possible, that members and other interested parties can also attend them.</p> <p>9.3 That the K5 and K6 students for whom it is possible are allowed to work on an MTh or a PGCE during these two years (or after).</p> <p>Decision: Points 9.1 to 9.3 are referred to Ad hoc Commission 3 with instruction: Advise Synod on the further course and execution of the three proposals.</p>
---	--

F. RAPPORT: AD HOC KOMMISSIE 3 / REPORT: AD HOC COMMISSION 3

<p>1. Opdrag</p> <p>1.1 Om die Sinode te adviseer rakende die praktiese implementering van die voorstelle wat deur die Kuratore voorgelê is in Rapport 24.5.</p> <p>Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Beredenering</p> <p>2.1 Dit val nie binne die vermoë van hierdie Kommissie om die praktiese implementering uit te werk van 'n plan wat nog in ontwikkeling is nie.</p> <p>2.2 Die Kommissie gee erkenning aan die behoeftestudies wat deur die Kuratore onderneem is.</p> <p>2.3 Die bevindinge van die Rapport bevestig die dringende behoefte aan addisionele maniere van opleiding soos reeds deur die Sinode 2018 geïdentifiseer is.</p> <p>2.4 Die Kommissie is van mening dat die voorstelle werkbaar en haalbaar is, maar kan ongelukkig, as gevolg van 'n gebrek aan inhoud oor die presiese implementering daarvan, nie verder 'n mening hieroor uitspreek nie.</p> <p>2.5 Omrede die dringendheid van die saak, wat reeds in 2018 uitgewys is, is die Kommissie van mening dat die besluite van 2018 tog spoedeisend uitgevoer moet word. Die dringendheid van die implementering van die 2018-besluit raak al meer noodsaaklik. Uitvoering deur die Kuratore, in samewerking met die Senaat van die TSP, hetsy langs die weg van die moontlike Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) of enige van die ander instellings reeds gemeld in die Rapport, val egter binne die bestek van die Kuratore se staande opdrag.</p>	<p>1. Mandate</p> <p>1.1 To advise the Synod on the practical implementation of the proposals put forward by the Curators in Report 24.5.</p> <p>Decision: Noted.</p> <p>2. Reasoning</p> <p>2.1 It is not within the capacity of this Commission to work out the practical implementation of a plan that is still in development.</p> <p>2.2 The Commission acknowledges the requirement-studies undertaken by the Curators.</p> <p>2.3 The findings of the Report confirm the urgent need for additional ways of training as identified by the Synod 2018.</p> <p>2.4 The Commission believes that the proposals are workable and feasible, but unfortunately, due to a lack of content on their precise implementation, we cannot further express an opinion in this regard.</p> <p>2.5 Because of the urgency of the matter, which has already been pointed out in 2018, the Commission is of the opinion that the execution of the decisions of 2018 should nevertheless be expedited. The urgency of implementing the 2018 decision is becoming increasingly necessary. However, execution by the Curators, in collaboration with the Senate of the TSP, whether along the path of the possible Reformed Theological Academy (RTA) or any of the other institutions already mentioned in the Report, falls within the scope of the Curators' stated assignment.</p>
---	--

<p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.</p> <p>3. Bevinding</p> <p>3.1 Die Vergadering kan nie staande hierdie Sinode verder oor die praktiese besonderhede enige besluite neem nie.</p> <p>3.2 Die Rapport word in sy geheel na die Kuratore terugverwys sodat daar verder aan die opdrag aandag gegee kan word soos reeds in die 2018-opdrag vasgestel is.</p> <p>Besluit: Punte 3.1 en 3.2 kennis geneem.</p> <p>4. Aanbeveling</p> <p>4.1 Dat die Sinode met dank kennis neem van die Rapport en die harde werk wat die Kuratore tot sover hieraan gedoen het.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>4.2 Dat die Senaat van die TSP, in samewerking met die Kuratore, soos dit in die praktyk moontlik kan wees, soos aan Sinode 2023 voorgelê, gevolg moet gee aan hulle opdrag soos wat deur Sinode 2018 besluit is.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling). Hiermee is punte 9.1 tot 9.3 afgehandel.</p>	<p>Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.</p> <p>3. Finding</p> <p>3.1 The Assembly cannot make any further decisions on the practical details during this Synod.</p> <p>3.2 The Report in its entirety is referred back to the Curators so that further work can be done in line with the 2018-assignment as already established.</p> <p>Decision: Points 3.1 and 3.2 noted.</p> <p>4. Recommendation</p> <p>4.1 That the Synod takes note of the report with gratitude and of the hard work that the Curators have done so far in this regard.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>4.2 That the Senate of the TSP, in collaboration with the Curators, execute what was presented to Synod 2023 as far as is practically possible, in order to execute the assignment given by Synod 2018.</p> <p>Decision: Approved (amendment already made – Deputies Acta). With this, points 9.1 to 9.3 are settled.</p>
---	--